*Maandag* **16 Februarie**
**Skrifgedeelte: Jakobus 2:1-13**
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:8-10**
**Dieselfde gesindheid wat daar in Christus is**

Ons doen baie dinge outomaties. (Is jou deure gesluit?) Ons tree ook outomaties teenoor bepaalde mense op. My baas groet ek beleefd, my werknemer dalk op ’n neerhalende manier. Hierdie optrede is nie met opset nie, dit is iets wat uit ons aard opkom. Maar of dit nou bewustelik was of nie; wat verkeerd is, is verkeerd. God se wet eis dat ons Hom en ons naaste moet liefhê, en dit wat Hy ons beveel, is nie soos ’n supermark nie. Ons kan nie sekere wette kies en in ons trollie gooi soos wat ons daarvan hou nie. Aan God se wet moet ons eerder dink soos ’n kettinkie om jou nek; as een skakeltjie af is, is die hele kettinkie stukkend. As ek een wet oortree het, is die skakeling tussen my en God vir ewig afgebreek.

Onmiddellik dink ons as Christene: Maar Jesus het die wet volmaak onderhou! Dit is waar, om salig te word, is ons in Christus klaar met die wet, maar die wet is nie klaar met ons nie! Want die wet is nie iets wat los van God staan nie. Sy wet is onlosmaaklik aan Hom verbind. Hy sê jy mag nie moord pleeg nie, en Hy sê jy mag nie egbreuk pleeg nie ... en Hy sê jy moet jou naaste liefhê. As jy een van hierdie dinge nie doen nie, dan is jy nie aan Hom gehoorsaam nie. En die liefdesgebod is nie maar sommer so ’n wet nie, dit is ’n Koninklike wet.

Wil jy jou Koning tevrede stel? Leef dan die liefdesgebod uit. Vir God help dit nie om te sê ek ken hierdie of daardie ryk en invloedryke persoon nie. Vir Hom tel net: Ek het U lief, want U het my lief. Uit liefde vir ons het Christus die wet volmaak onderhou! Hy het dit nie benede sy waardigheid geag het om tussen mense te kom woon wat in vergelyking met Hom brandarm is nie. Hy het dit ook nie benede Homself geag om in jou plek aan die kruis te hang nie. Hy bewoon ons ook daar deur sy Gees, sodat ons sy gesindheid kan hê. As iemand met baie duur klere aan vir jou ’n guns vra, wat sal jy doen? As iemand wat ooglopend arm is dieselfde guns vra, wat gaan jy dan doen? Dieselfde gesindheid moet ook in ons leef wat daar in Christus is.

Die toets vir my optrede is dus dat ek nie sal kyk na dit wat buite is nie, maar na dit wat binne is, want dit is waarna my Koning kyk.

*Sing: Psalm 40-1:8*

*Prof. PC (Chris) van der Walt (TSP)*